

30 Januarie

Skrifgedeelte: Spreuke 13:6-13 (NAV)

Fokusgedeelte: Spreuke 13:12

Ek wens, ek wens

Het jy al ooit iets gewens? Natuurlik, sal jy sê, wie het nog nooit iets gewens nie? Van kleins af hoor 'n mens dit al: "Ek wens, ek wens ..." Wanneer jy groter word, wens jy nog altyd!

Salomo het dit baie raak gestel toe hy gesê het dat 'n mens mismoedig word as jou verwagtings nie uitkom nie. Dit maak 'n mens moedeloos en neerslagtig as jy na iets uitsien of iets verwag, maar dit word net nie 'n werklikheid nie. Mag 'n mens dan wens? Is wens en begeer dan nie dieselfde nie? Is begeer nie verkeerd nie? Die Tiende Gebod sê nie dat jy nie mag begeer nie – inteendeel: 'n mens móét begeer, jy móét wens. Jy mag net nie begeer wat reeds aan jou naaste behoort nie. 'n Mens moet begeertes hê, 'n mens moet ideale koester en nastreef – dit is 'n sterk dryfkrag.

Die Bybel leer ons ook duidelik wat ons moet wens: Ons moet begeer om God getrou te dien en te eer! Ons moet biddend wens dat God ons elke dag sy genade sal skenk. Dit word waar vir die kinders van die Here, want die Here Jesus het deur sy kruisdood en opstanding die vervulling van ons geheiligde wense en begeertes waar gemaak.

Boonop gee Spreuke 10:24 die versekering: "... wat die regverdige begeer, gee God hom."

As dit ons wens en begeerte is dat die genade en die liefde van die Here elke dag ons lewe sal vul, en ons vra dit biddend van Hom, sal Hy dit beslis gee. Dink net watter nuwe moed en krag dit vir 'n mens gee!

Mag die Here, soos ons in Psalm 21 lees, die wens van jou hart vervul.

Sing: Psalm 34:6 Ds Arnold H Mulder (Krugersdorp)